# NAMIBIË

**Dinsdag 26 April 2022 | Bemarker:** Michelle Phillips **| Tel:** 082 369 3624 **| Foto:** Eben Human



4 & 5

# Van Etosha tot Hollywood

## Só het Namibiese diere-hanteerder en sy olifantjies harte wêreldwyd verower

## TOER VAN 'N LEEFTYD

**Dapper fietsryer ontdek 'n ander sy van Namibië op tog van Kaap tot Okavango**

BL. 2 & 3

## KUS VAN DIE WOESTYN

**Van Walvisbaai se seelewe tot Swakopmund se argitektuur en al die avontuur tussenin**

BL. 6 & 7

*Swakopmund-Munisipaliteit*



AS DIE AVONTUURHOOFSTAD VAN NAMIBIë, BIED SWAKOPMUND AAN BESOEKERS 'N WYE VERSKEIDENHEID OPWINDENDE AKTIWITEITE.

**Swakopmund-aktiwiteite sluit in:**
Vierwielmotorfietsry, boottritte om dolfyne en ander seelewe te sien, branderplankry, diepseeduik en visvang, swem en uitstappies op die strand, skilderagtige helikoptervlugte, valskermspring, kameelsafari's, gholf, ensovoorts.

Daar is talle restaurante, kafees, 'n inkopiesentrum en kroeë om besoekers in Swakopmund te vermaak, asook talle besienswaardighede.

Kontak ons:
Tel: +246(0) 64 410 4111
E-pos: swkmun@swkmun.com.na
Webtuiste: www.swakopmun.com

@swkmun @swkmun @swkmun



Die rit van 111 km van Tsumeb na Grootfontein is onderbreek met 'n besoek aan die Hoba-meteoriet. Die meteoriet weeg 'n yslike 60 ton.



Soms word jy vars kos aangebied – soos hierdie sampioene naby Otjiwarongo.



"Hoe vars is die vleis?" is daar gewonder naby Katima Mulilo.




Leana was bly om die bord van die Steenbokskeerkring te sien op pad na Windhoek.



Die Amerikaner Linda Keene wat ook saam met Leana Niemand in die Zambesi-streek, voorheen bekend as die Caprivi, gery het. Die Kapenaar se volgende bestemming was Botswana.



Die Okavangorivier is ook verken en Angola van nader bekyk.



So het die fietsryer haar tentjie opgeslaan vir 'n salige tydjie langs die Okavangorivier. Dis 'n gewilde kuierplek in die wintermaande.

**DSC prokureurs kan u adviseer of u 'n moontlike eis het.**

dsc PROKUREURS

**Ons onderneem persoonlike beseringseise van alle soorte, insluitend:**

- Padongelukkefonds-eise
- Mediese wanpraktyke
- Spoor- en lugvaartongelukke
- Gly-en-val insidente
- Professionele wanpraktyk
- Ander algemene reg en versekeringseise.

0861 465 879
www.dsclaw.co.za
info@dsclaw.co.za

10de Vloer, Touchstone House, Breëstraat 7, Kaapstad, Suid-Afrika

X1X7ABP5-DB260422




## Voëlparadys

Die rooikeel-byvreter is van die groot verskeidenheid voëls wat jy in die Zambesi-provinsie sal vind. Dit is veral in die warm somer dat voël-entoesiaste dan graag die noordelike streek besoek.

Foto: EBEN HUMAN




X1X7BBJR-DB260422



# HIERDIE IS DIE REISVEREISTES OM NAMIBIË TYDENS DIE COVID-19-PANDEMIE TE BESOEK

**Vir die afgelope twee jaar het die Covid-19-pandemie ons reisplanne geaffekteer, maar gelukkig met die verslapping van inperkingsreëls, kan ons weer reis en sekere plekke besoek. Sommige mense is heel verstaanbaar nog nie gemaklik om oorsee te reis nie, maar dalk kan jy reis weer op die proef begin stel met 'n kort besoek aan ons buurland Namibië.**

**Saamgestel deur:** Danielle Daniëls **Infografika:** Lionel October



## DIE REISVEREISTES

**As gevolg van die pandemie is daar tans reisvereistes waaraan jy moet voldoen. Landi Burger van Pentravel Tygervallei gee meer inligting:**

- Toeriste wat na Namibië reis, moet 'n voltooide gesondheidsvraelys indien. Indien jy vlieg, sal jy gebruik maak van die lugredery se lys.
- Reisigers moet ten minste 14 dae voor hul vertrekdatum volledig ingeënt wees. Indien jy nie ingeënt is nie, moet jy 'n negatiewe Covid-19-toetssertifikaat (volledige Covid-toets; nie antigeen) van nie ouer nie as 72 uur toon.
- Vir diegene wat nie ingeënt is nie, wanneer jy Namibië verlaat om terug te keer na SA, moet jy weer 'n Covid-19-toets ondergaan wat nie ouer as 72 uur is nie.
- Wanneer jy SA verlaat gaan jy 'n uitgaanvorm moet invul, en wanneer jy weer terugkeer, gaan jy 'n ingangsvorm moet invul.
- Besoek gerus traveldoc.aero/results vir meer inligting oor reisvereistes, en besoek **www.namibiatourism.com.na** vir meer inligting oor Namibië.




## BELANGRIKE DOKUMENTE

- **Jou paspoort.** 'n Geldige paspoort is noodsaaklik as jy Namibië wil besoek. Jou paspoort en dié van jou hele gesin moet vir ten minste nog ses maande geldig wees vanaf jou vertrekdatum uit Namibië. Jy moet ook sorg dat daar ten minste twee skoon bladsye in jou paspoort oorbly.
- **Rybewys.** Jy het nie 'n internasionale rybewys nodig om in Namibië te bestuur nie, maar wel 'n geldige Suid-Afrikaanse rybewys.
- **Voertuigregistrasie.** Maak seker dat jy afskrifte van jou voertuig (en sleep- of woonwa) se registrasiedokumente byderhand het. Jy moet dit toon om die grens met hierdie voertuig te kan oorsteek.
- **Magtigingsbrief.** As jou voertuig nog afbetaal word, moet die bank vir jou toestemming gee om dit oor die grens te neem. Dokumente met volle besonderhede oor die eienaar van die voertuig moet ook by jou wees as jy 'n 4x4 vir jou besoek huur.
- **ZA-plakker.** Hierdie is beslis 'n moet as jy Suid-Afrika met jou voertuig verlaat na 'n ander land. Vertoon dit duidelik regs agter op jou motor.
- **Kinders jonger as 18.** Nuwe wette wat sedert 2015 van krag is, vereis dat alle kinders onder die ouderdom van 18 'n onverkorte geboortesertifikaat saam met hul geldige paspoort moet toon – dit is om te bewys dat jou kind wel jou eie is. Enige kinders wat saamreis en nie jou eie is nie, moet die volgende hê: 'n beëdigde verklaring van die ouers wie se kind saam met jou reis (wat bevestig hulle gee toestemming), afskrifte van albei ouers se ID's of paspoorte asook jou paspoort en hul kontak besonderhede.

# Per fiets van Kaap tot by Okavango

**'n Brawe fietsryer het gedurende die Covid-19-pandemie lank in die Ooste gebly voor sy vroeër vanjaar van Thailand na die Kaap teruggekeer het vir 'n fietstoer deur Namibië. Eben Human vertel van dié groot uitdaging.**




Die Garieprivier is pas van Vioolsdrif na Noordoewer oorgesteek. Nou wag die ontdekkingstog deur die groot en uitgestrekte Namibië.
Foto's: VERSKAF

Sedert 2007 het Leana Niemand meer as 170 000 km deur 92 lande met haar fiets gery. Sy het lanklaas haar suster Amanda gesien en voor haar terugkeer na Bloubergstrand, het sy aangedui dat sy vir iemand in Walvisbaai wou gaan kuier.

Amanda het al self saam met Leana in lande soos Brasilië, Indië en Thailand met die fiets gery en het geweet wat nou voorlê – 'n lang fietstog deur Namibië.

"Ek gaan eers na iemand in Walvis wat saam met my in Thailand met haar fiets getoer het. Sy gaan my Etosha wys," is aan Amanda verduidelik.

Aan my is bygevoeg: "Daarna is dit die Caprivi."

En dan? "Ek staan elke oggend op en ry fiets. Waarheen ek op pad is, weet ek nie."

As jy daarna aan Amanda vra of sy enige vermoedens het, is haar antwoord: "Sy ken iemand in Malawi. As ek moet raai, is my suster daarheen op pad."

Die afstande tussen die dorpies in die suide van Namibië is groot – nog groter vir iemand wat verkies om sowat 80 km per dag met 'n fiets te ry. Amanda besluit toe om saam te ry met die motor.

Leana maak geen geheim daarvan dat sy die besige hoofpaaie verpes nie. Hulle vertrek in Februarie uit die Kaap en langs die Weskus op ry Leana ook langs die Sishen-spoorlyn na Elandsbaai.

Daarna word deur Namakwaland getrap en meestal gekampeer voor hulle by Vioolsdrif oor die grens na Noordoewer en Namibië gaan. Hoe sou die wêreldreisiger die groot land van 825 418 km$^2$ met net 2,6 miljoen inwoners ervaar?

Die Visrivier-canyon is een van die groot hoogtepunte. Hulle oornag ook by die Canyon Farm Yard voordat die 67 km na Seeheim aangepak word.

Dis 8 Maart en net 'n paar kilometer verder vind hulle die pad verspoel. Hul ompad voer hulle oor die muur van die groot Nautedam.

Wanneer hulle daarna die teerpad bereik, word wes gedraai en vlieg Leana met die wind van agter tot in Seeheim. Hulle is ál besoekers by die plaaslike hotel, maar moet betaal vir die gebruik van die swembad.

'n Paar dae later kry hulle weer die wind van voor. Op die dag voltooi Leana net 46 km van Alte Kalkofen (ou kalkoen) na Bethanie.

Bethanie is een van Namibië se oudste dorpe en die Lutherse klipkerk wat in 1899 gebou is, is 'n besienswaardigheid. Die aand word nie soos gebruiklik gekampeer nie en bly hulle liewer in 'n hotelkamer.

Hulle was skaars in hul kamer, toe daar 'n vreeslike donderstorm losbars. Die hotelpersoneel het gespook om die water uit hul kombuis te probeer hou, maar kon nie veel regkry nie.

"Ons was gelukkig om in 'n droë kamer te kon bly. Die kampeerplek was onder water, maar die hele buurt was ook sonder krag," het Leana vertel.

Dit het hierna 'n hele rukkie geduur voordat die hoteleienaar vir hulle 'n paar aartappels kon kook en 'n pasta aanmekaar kon slaan. Dit het baie gereën en hulle is aangeraai om 'n ekstra dag te bly voordat hulle na Keetmanshoop sou mik.

Wanneer hulle hier vertrek, trap Leana 140 km op die teerpad om Keetmanshoop te haal. Die dag was die pad vol koringkrieke.

Vanaf Keetmanshoop het 'n skof van 86 km gevolg na die Nama-nedersetting Tses. Hier moes Leana vir haar 'n nuwe fietspomp koop.

Die grootste uitdaging was egter om slaapplek te soek. Daar is net 'n paar huisies, 'n winkeltjie, skool, kerk en oornagplek.

Dié slag vind hulle slaapplek by die kerk. Dit kos R200 vir die aand en was goeie waarde vir geld.

Die twee susters slaap in 'n silwerskoon kamer met twee enkelbeddens. Daar is 'n ketel, kroegyskassie, 'n gemeenskaplike kombuis en 'n TV-kamer!

Leana het bespiegel dat die kamers waarskynlik vir die gebruik van onderwyspersoneel was. Hulle het 'n draai deur Tses gestap en vir die kinders was hul besoek die hoogtepunt van die dag.

Die volgende dag word 96 km getrap na nog 'n Nama-nedersetting, Gibeon. Hier betaal hulle R500 om in die Mencia's Omsgastehuis te bly.

"Later in die dag vind ek Amanda in Mariental se Wimpy waar sy besig is om tee te drink. Ons besluit om hier te oornag en vind 'n gastehuis teen R600."

Die hoenderhane se gekraai het hulle die volgende oggend



Silina het Leana by haar Aub-gastehuis op Mariental verwelkom.



Die vriendelike donkiekarryers het die fietsryer by Tses gegroet.

vroeg wakker gemaak by die gemaklike Aub-gastehuis. Hul gasvrou bedien eers aan hulle 'n komplementêre ontbyt voor die volgende 150 km na Kalkrand aangepak word.

Die res van die pad na Windhoek het Leana skrikwekkend gevind. Die baie swaar voertuie op die nasionale pad het haar kwaai op haar senuwees gehad.

"Die B1 het my laat dink aan Australië se Stuart Highway deur die Outback," het sy verduidelik.

Daar was darem tyd om te stop vir 'n foto by die bord wat die Steenbokskeerkring aandui. Daarna ry Amanda vooruit om vir hulle 'n gastehuis te vind met yskoue bier in die yskas. "Ek het my suster goed geleer," het Leana opgemerk.

Van Windhoek af het verskeie vroue wat te hore gekom het van haar reis, vir rukke lank om die beurt by haar aangesluit tot by Etosha-wildtuin.

"Etosha was 'n voorreg. Die grootte, die stilte en die baie wildlewe is enig in sy soort. Dit is iets wat jy beslis moet sien in Namibië," het dié gesoute wêreldreisiger gesê.

Om daarna deur die Zambesistreek te trap, was nog 'n hoogtepunt. Dié streek met riviere soos die Kwando, Okavango en Zambesi, was voorheen bekend as die Caprivi en dit is waar sy ook die mooiste kampeerplekke ontdek het.

Ons gewone sterflinge verkies om met 'n motor of 'n bakkie deur Namibië te toer. Wat maak dan 'n fietstoer anders?

Eerstens moet jy baie fiks en aanpasbaar wees. Jou reis is 'n bietjie onvoorspelbaar en dit verander in 'n avontuur. Om elke aand slaapplek te soek, kan 'n groot uitdaging wees.

Amanda meen Suidelike Afrika het eintlik bittermin die afgelope 30 jaar verander. Verskillende bevolkingsgroepe bly nog apart en leer mekaar nooit behoorlik ken nie.

Die vriendelikheid en gasvryheid waarmee hulle by die klein Nama-nedersettings ontvang is, sal hulle nie gou vergeet nie.

Om daarna by Rundu langs die Kavangorivier te kampeer was wonderlik vir Leana, wat ook die warmer weer baie waardeer het. Al meer Suid-Afrikaners gaan elke jaar na hierdie geweste in die wintermaande – veral as jy ook die koue en reën van die suidpunt van Afrika wil misloop.

Vir Leana was dit 'n wonderlike kulturele ervaring. Sy het selfs 'n kans gekry om mopaniewurms te eet. "Ek het gelukkig net die geursel geproe," het sy gesê.

Om met die plaaslike inwoners te praat en hulle beter te probeer verstaan, was vir haar lekker. Hulle het verduidelik grond word nie as jou eiendom beskou nie. Dit is iets wat aan almal behoort.

"Ek het verstaan jy hoef net met die stamkaptein te gaan praat en as hy my toestemming gee, kon ek my eie hut bou. Ek het nogal van die gedagte gehou," het die Kapenaar gesê.

Tussen Kongola en Katima Mulilo was die pad maar stil. Vroue wat hout versamel het, het hard geskree van skrik toe hulle skielik die fietsryer sien. Daarna het hulle breed geglimlag en vir haar gewaai.

"In Afrika dra die mans nie goed op hul koppe nie – net die vroue doen dit. Die vroue en meisies doen meer die swaar werk – soos om die water aan te dra na hul huise. Die mans pas die vee op, slag vee en hou vergaderings met die stamkaptein," het Leana vertel na haar toer deur Namibië.

Op 'n fiets ervaar jy jou omgewing behoorlik. Jy sien, hoor en ruik 'n ander wêreld waarvan mense in 'n voortvlietende voertuig afgesluit is.

Vir ons almal kan dit beter wees om stadiger te reis, meer keer te stop en so ook meer te ervaar. Dit is met sulke stilhoutye wat jy Namibië se wonderlike stilte ervaar terwyl jou oë dwaal oor 'n groot en leë landskap.

"Namibië is 'n unieke land wat baie het om te bied. As reisigers kom ons net hier om waar te neem. Ek het veral baie van die Noorde gehou," het Leana haar ervaring opgesom.

Die Kapenaar het die laaste jare 'n sterk voorliefde vir die Ooste en veral Thailand ontwikkel. Sy het gewoond geraak aan die kwaai hitte en ook die humiditeit. Wanneer sy in die Kaap aankom, sal sy gou voel sy kry koud – al is dit somer.

Is Leana maar nie net 'n swaeltjie wat agter die son aan trek nie?

My laaste boodskap van Leana was: "Ek het vandag in Botswana aangekom. Ja – jy is reg. Ek jaag maar net die son."




Dis 'n hoogtepunt vir toeriste om olifante van so naby te kan ervaar in die Etosha-wildtuin in die Noorde van Namibië. Hul gedrag by watergate kan jou ook behoorlik boei. Foto's: EBEN HUMAN

# Van die Etosha-wildtuin tot diere in Hollywood tem

Jan Oelofse was 'n plaasseun van Namibië met 'n interessante storie. **Eben Human** vertel meer oor hierdie dieretemmer en natuurliefhebber en hoe hy by Etosha inskakel.

Toe die legendariese Jan Oelofse in die 1950's in die omgewing van Etosha – die groot wildtuin in die noorde van Namibië waarheen toeriste van oor die hele wêreld elke jaar stroom – grootgeword het, was daar nog nie eens grensdrade om die wildtuin nie. Leeus was natuurlik 'n groot probleem as jou pa met beeste geboer het.

Maar wat moes jou pa nou dink as jy as 'n jongman vir jou 'n Borgward koop en na Tanzanië ry om wildvanger te word? Dit was harde werk aan die voete van die tenger Willie de Beer, maar toe Hollywood op hulle toesak om die rolprent *Hatare* te maak, het dinge vinnig verander.

Só word die Etosha-man die rolprent se diere-hanteerder en raak ook bevriend met die cowboy-held John Wayne. Toe hulle 'n jagluiperd soek vir 'n toneel, vra Oelofse of hy gou 'n draai by die huis kon maak.

Met die jagluiperd wat hy Sonja gedoop het, moes hy eers in Johannesburg oornag en bel hy 'n hotel: "Kan ek en Sonja vanaand by julle kom oorslaap?"

Die antwoord was: "Julle is baie welkom." Maar daar was groot konsternasie toe Jan met sy Sonja aan 'n leiband opdaag.

Om 'n trop van Etosha se olifante op 'n warm somerdag op Okaukuejo se watergat te sien afstorm, is iets besonder om te sien. Na hulle afgekoel het, begin die spelery.

Vir die *Hatare*-rolprent moes drie klein olifantjies deur die strate van Arusha in gelid hardloop. Hulle is goed deur Oelofse afgerig en die hoogtepunt en baie snaaks, was dan wanneer hulle deur 'n groot winkel draf en amok maak.

Oelofse en sy drie olifantjies is ook na Hollywood geneem. Dit is hier waar Henry Mancini die drawwende olifantjies gesien het en vir die *Hatare*-rolprent sy beroemde wysie "Baby Elephant Walk" gekomponeer het.

Wyle Oelofse het na sy Hollywood-dae die wildplaas Mount Etjo naby Omaruru ontwikkel. Sy seun, Alex, hou deesdae die leisels by hierdie gewilde vakansieplaas waar hulle ook renosterwesies versorg.

In Etosha sal jy baie olifante sien. Om in die aand by Okaukuejo se beligte watergat te sit, is baie spesiaal. Soms is die olifante spierwit van die panne se wit kalkstof wanneer hulle hier soos spoke opdoem, maar baie sal nog meer opgewonde raak as leeus, luiperds of swartrenosters in die nagtelike ure daar hul dors les.



Olifante op pad na die gewilde watergat by die Okaukuejo-kamp. Jy kan snags hier by die verligte watergat die diere dophou.

As jy na die oostelike kant van Etosha mik, ry jy noord verby die myndorp Tsumeb na Namutoni, waar daar 'n groot kampeerplek langs 'n watergat is.

Nog 'n goeie opsie is om in die Tamboti-kampeerterrein by die Onguma Lodge te bly. Elke staanplek het sy eie ablusiegeriewe. Dis naby die park se hek en jy gaan dan in as dagbesoeker.

Net 'n paar kilometer binne die park kan jy links draai na die Klein Namutoni-watergat, wat taamlik besig kan raak. Waarvoor jy eintlik moet kyk, is die klein dik-dikkies op hierdie roete.

Die Chudop-watergat is 'n gewilde stilhouplek en die uithangplek van 'n groot trop gevlekte hiënas. Hulle het al koedoes in die watergat platgetrek.

Die Kalkheuwel-watergat is die blyplek van die inheemse swartgesig-rooibok. Hy is groter as ons Suid-Afrikaanse spesie. Naby hierdie watergat het ons al renosters, leeus en 'n luiperd gevind.

Die meeste toeriste verkies om in die koeler wintermaande Etosha te besoek. Die drie ruskampe Halali, Okaukuejo en Namutoni het mooi swembaddens en ook restaurantgeriewe, wat nog meer waardeer word in die warm somer.

Baie kampeerders verkies om by Gondwana se Etosha Safari Camp hul tente op te slaan en dan as dagbesoekers by Okaukuejo na die wildtuin te gaan. Hier is ook kroeg- en restaurantgeriewe waar plaaslike kunstenaars saans optree. Dit alles kan 'n besoek aan Etosha baie spesiaal maak.



Die dik-dik weeg maar tussen 3 en 6 kg en is die kleinste wildsbokkie. Jy kan hulle laatmiddag op 'n roete naby Klein-Namutoni vind.



Die Namibiese rooibok is groter as die een in Suid-Afrika en jy kan hulle by die Kalkheuwel-watergat naby Namutoni te siene kry.



Die swartaasvoël is die vasteland se grootste en mees aggressiewe aasvoël. Hy het 'n groot snawel en kan 'n sebra se vel oopskeur.



Jagluiperds voel baie tuis in Etosha met sy groot panne en uitgestrekte vlaktes. Hulle word taamlik gereeld gesien.



Wanneer 'n hiëna onverwags uit die Chudop-watergat vlug, kan dit die teken wees dat daar leeus op pad is om te kom drink. Hou ook dop hoe die jakkals duiwe vang.



Leeus word taamlik gereeld in Etosha gesien. Hulle trek graag sebras plat by die watergate.

**ADVERTENSIE** | TALENI AFRICA

# *Etosha Handelshuis bied eenstop-gerief op jou reis*

'n Nuwe kampplek, vulstasie en winkel wag vir jou op die drumpel van Etosha net buite Okaukuejo!

Die nuutste toevoeging tot die Taleni Africa-portefeulje in Namibië is gerieflik geleë slegs 6,5 km vanaf die Okaukuejo-ingang na die Etosha Nasionale Park. Die Etosha Handelshuis is die ideale plek om jou brandstoftenk te vul, kruideniersware te koop of aan heerlike wegneemetes en versnaperinge te smul. Hier is koffie, koeldrank, wyn en ander drankies beskikbaar. Snuffel ook sommer vir oulike aandenkings of geskenke vir jou geliefdes.



Etosha Handelshuis is 'n oase vir kampeerders. Daar is 'n kampplek, vulstasie en winkel, ideaal vir gesinne en vriende wat saam deur Namibië reis.

Buiten die gerieflike vulstasie, winkel en werkswinkel, bied Etosha Handelshuis 'n oase vir kampeerders wat geskik is vir beide alleenreisigers asook groter groepe vriende of families wat saam Namibië verken.

Die individuele kampeerplekke beskik oor privaat badkamergeriewe met 'n eie stort, toilet en wasbak, opwasgeriewe, kragpunte (ook een langs jou parkeerplek vir jou kamp-yskas), 'n braai en 'n afdakkie om onder te ontspan na 'n dag van avontuur in Etosha.

Spring in die verfrissende swembad op die perseel, hou die nabygeleë watergat dop vir klein wild wat daar besoek aflê en geniet die ongelooflikste kleurskouspel tydens die sonsondergange oor die vlaktes.


Die ruim groepkampeerplekke beskik oor onderdaksitplek, krag- en waterpunte, ligte, opwasgeriewe, 'n braaiplek asook 'n aparte vroue- en mansbadkamer wat elkeen oor genoeg toilette, storte en wasbakke beskik.

Die span sien daarna uit om julle te verwelkom! Vir meer inligting besoek www.etosha-tradingpost.com. Vir navrae skakel gerus 021 930 4564 of stuur e-pos na kamp@etosha-tradingpost.com.

Taleni Africa

Tel: +27 (0)21 930 4564
Winkel G29, Willowbridge-Leefstylsentrum,
39 Carl Cronje Rylaan, Tygervallei - KAAPSTAD
E-pos: besprekings@taleni-africa.com
/TaleniAfrica /taleniafricagroup www.taleni-africa.com

AKKOMMODASIE in Namibië - Bespreek aanlyn met die promosiekode: DIEBURGER vir afslag!




Bekostigbare gerief by die Andersson-ingangshek na Etosha, naby Okaukuejo
www.etosha-village.com




Ervaar die beste gasvryheid digby die ingang na Sesriem en Sossusvlei
www.sossusvleilodge.com




Uitmuntende selfsorg akkommodasie naby die ingangshek na Sossusvlei
www.desertquivercamp.com




Gerieflike selfsorg eenhede slegs 5km vanaf die ingang na Namib Naukluft Park
www.desertcamp.com

KAMP OPSIES net buite die Nasionale Parke in Namibië




Kampering met privaat geriewe slegs 6.5km vanaf die Okaukuejo-ingangshek na Etosha
www.etosha-tradingpost.com




Eksklusiewe kampeerterrein geleë in 'n Mopaniewoud aangrensend tot Etosha
www.etosha-village.com




Kampeer onder 'n sterrehemel by die ingangshek na Sossusvlei
www.sossus-oasis.com

Etosha Handelshuis & Sossus Oasis beskik albei oor 'n toegerusde winkel, brandstof en motorband-werkswinkel - Stop gerus op pad na die Nasionale Parke in Namibië!

**ADVERTENSIE** | SWAKOPMUND-MUNISIPALITEIT

# Swakopmund bied besoekers 'n wye reeks opwindende aktiwiteite



Kom baljaar op die uitgestrekte strande in Swakopmund terwyl jy in Namibië kuier.
Foto's: LE ROUX VAN SCHALKWYK

Swakopmund bied adrenalien en opwindende aktiwiteite soos vierwielmotorfietsry, bootritte om dolfyne en ander seelewe te sien, branderplankry, diepseeduik en visvang, swem en uitstappies op die strand, panoramiese helikoptervlugte, valskermspring, kameelsafari's, gholf, warmlugballonvaarte en talle ander ontspanningsaktiwiteite vir oud en jonk.

Swakopmund is Namibië se gewildste vakansiebestemming. Daar is talle restaurante, kafees, winkelsentrums en kroeë om besoekers te vermaak, om nie te praat van die talle besienswaardighede nie.

In 2019 is Swakopmund as Kwela se Dorp van die Jaar aangewys vir sy skoonheid en netheid.

Die dorp bied 'n verskeidenheid luukse verblyfkeuses, ervarings, inkopiegeleenthede, woestynaktiwiteite en besienswaardighede. Swakopmund is sentraal geleë langs die Atlantiese kuslyn en is een van die belangrikste Namibiese dorpe om te besoek.

Die opgegradeerde Walvisbaai Internasionale Lughawe, slegs 40 km weg op 'n dubbelrybaan, maak die reis direk na Swakopmund vinniger en makliker. Jy het boonop 'n skilderagtige uitsig oor die kuslyn.

Swakopmund bied jou die geleentheid om net weg te kom, te ontspan en die avontuur te geniet.

Andersins kan jy tyd in die woestyn deurbring met adrenaliensport soos valskermspring, 4x4 of vierwielmotorfietsry in die duine, 'n romantiese lugballonvlug oor die duine of 'n ongelooflike strandvlug na die Skedelkuspark. Van die strand na 'n boot, kan jy 'n verskeidenheid vissoorte vang, waaronder kabeljou, galjoen en steenbras.

Begin jou vakansie vandag al beplan en sluit Swakopmund as een van jou bestemmings in.



Oor besig bly hoef jy jou nie te bekommer nie, want daar's hope om te doen!

### Die glimlag van Namibië

Swakopmund is een van die dorpe in Namibië met die meeste potensiaal vanweë sy vinnige groei en ontwikkeling, asook die talle toeristeaantreklikhede.

Dit is die hoofstad van die Erongo-streek, en die meeste staatsinstellings het takke in die dorp. Dit het bygedra tot Swakopmund se vermoë om ekonomies volhoubaar te bly.

Verskeie myne in die omliggende gebiede onderhou die ekonomie van Swakopmund, met die meeste werknemers wat dit hul tuiste noem.

Omdat daar die afgelope 20 jaar voortdurend deur die munisipaliteit belê is, ontwikkel die dorp vinnig in 'n stad.

Hier sal jy ook nie 'n tekort aan verblyfkeuses hê nie, want daar is hope hotelle, gastehuise en kampeerplekke. Vir die naguile is daar kroeë en nagklubs, en deur die dag is daar talle winkels, inkopiesentrums en restaurante om te besoek as jy nie net langs die strand wil stap nie.

Op 4 Augustus vanjaar vier Swakopmund sy 130ste bestaansjaar. Dit sal dus die perfekte tyd wees om dié bekoorlike dorp te besoek.



In Swakopmund is daar verskeie restaurante wat die heerlikste etes bedien.



Gaan verken gerus ook die dorp se pragtige historiese geboue.


BEACH LODGE
SWAKOPMUND

Gaan wandel rustig op die strand of ontspan eenvoudig en val aan die slaap met die klank van die oseaan in jou ore. Beach Lodge bied twee standaard-gesinskamers, twee luukse-gesinskamers, nege standaard-tweebedkamers, een standaard-dubbelkamer en vyf luukse-dubbelkamers, almal met see-uitsig, en suite-badkamer, telefoon, satelliet-TV, yskaste en 'n balkon/stoep. Sommige kamers het kombuisies en selfsorggeriewe. Al die kamers is toegerus met verwarmers vir daardie koue en mistige romantiese aande.

Tel. +264 64 414500 Faks +264 64 414501
•Stintstraat 1, Vogelstrand
reservations@beachlodge.com.na
www.beachlodge.com.na





Ons eie restaurant "**The Wreck Restaurant**" bied heerlike kos en goeie diens in 'n elegante omgewing of skop jou skoene uit en besoek ons bistro "**Surfer's Corner Bistro**" wat reg voor op die strand gelee is en heerlike bekostigbare en vars kos bedien.
Jy kan nie nader aan die see kom nie!

X1X7BEMW-DB260422



Hotel Pension Rapmund





Ons maak dit maklik om te ontspan...

Ons hotel is onder bestuur van die Rapmund-familie sedert sy totstandkoming in 1968. Ons bied 25 standaardkamers en 2 luukse-suites teen redelike pryse. Geniet ons gewilde en heerlike ontbyt met see-uitsig in 'n vriendelike atmosfeer.
Ons ideale sentrale ligging binne twee minute se stap van die strand en middedorp sal u verblyf rustig en ontspanne maak.

**Tel. +264 (0)64 402035 / Sel. +264 (0)811 491 1381**

**Bismarckstraat 6-8, Posbus 425, Swakopmund, Namibië**
**rapmund@iafrica.com.na • www.hotelpensionrapmund.com**

X1X7ARYD-DB300422

# 5 vinnige feite oor Walvisbaai

Hoewel daar bewyse is dat Topnaars en ander plaaslike stamme vir duisende jare reeds in hierdie deel van die Namib-woestyn gebly het, het Bartolomeus Dias eers op 8 Desember 1487 Walvisbaai vir die Westerse wêreld "ontdek" toe hy op soek was na 'n seeroete van Europa na die Ooste.

Hier is vyf feite oor hierdie stad wat jy dalk interessant sal vind:

1. Dit is een van die droogste stede ter wêreld met 'n gemiddelde jaarlikse reënval van slegs 10mm;
2. Walvisbaai se hawe is die grootste kommersiële hawe in Namibië.

Volgens Namport doen nagenoeg 3 000 skepe elke jaar hier aan en verwerk hulle hier ongeveer 5 miljoen ton vrag;

3. Dit is die enigste natuurlike hawe in Namibië;
4. In die water rondom hierdie deel van die Namibiese kus vind jy baie plankton en ander seelewe, daarom lok dit walvisse. Dit is ook waar hierdie stad sy naam gekry het;
5. Volgens SA Places bly ongeveer 50 000 mense in hierdie stad en die meeste van hulle werk in die hawe of in die visbedryf.

■ **Bronne:** *Travel News Namibia; Port of Call.*



As jy op 'n bootrit gaan in Walvisbaai, sal jy beslis met een van die vele robbe in die hawe kennis maak.

Foto: DANIELLE DANIELS






**ADVERTENSIE** | TOMMY'S TOURS

## *Bespreek jou woestyn-avontuur met Tommy's Tours & Safaris*

Besoek jy die pragtige Namibiese weskus? Dan kan jy nie Tommy's Tours & Safaris se Living Desert-toer misloop nie. Gelys as die nommereen-buitelugtoer op Tripadvisor, is jy verseker van 'n besonderse belewenis!

Op die oog af lyk die Namibwoestyn kaal en leeg, maar daar's verborge skatte soos die Palmato-geitjie, Namakwa-verkleurmannetjie, Peringuey se adder en meer, wat aangepas het om in die dorre landskap te oorleef.

Kom beleef 'n opvoedkundige, opwindende toer saam met opgeleide gidse. Hul entoesiasme gaan jou verseker aanspoor en motiveer om die woestyn in 'n heel ander lig te sien. Nie net leer jy van die woestyn nie, maar die toer word afgesluit met 'n opwindende rit deur die duine en 'n pragtige uitsig oor die Atlantiese Oseaan.

Beleef ook die 4x4-toer na Sandvishawe of 'n toer na die maanlandskap en Namibië se bekende welwitschia-plant.

Vir meer inligting of om te bespreek, besoek gerus www.livingdeserttours.com.na.



Bespreek vandag nog jou toer om die diertjies van die Namib te ontmoet.






**ADVERTENSIE** | WALVISBAAI-MUNISIPALITEIT



In Walvisbaai kan jy pragtige tonele ervaar, insluitend die betowerende goue duine van die Namib.

Foto's: VERSKAF

## *Maak 'n draai op Walvisbaai vir uitsonderlike natuurprag*

Walvisbaai is geleë in die sentrale Namibwoestyn van Namibië.

Hier sal jy 'n besonderse bestemming vind waar die warm, betowerende goue duine van die Namib die ysige Atlantiese Oseaan omhels.

Suid van Walvisbaai neem 'n 48 km-roete jou na Sandvishawe, waar die Namibwoestyn tot op die ongerepte strande tuimel om een van die mees skilderagtige plekke ter wêreld te skep.

Windseil en vlieërplankry is gewilde tydverdrywe by die Walvisbaai-strandmeer, wat 'n internasionale Ramsar-gebied vir voëls is. Daar word geskat dat die meer, een van die belangrikste kusvleilande in Suider-Afrika, meer as 3 500 jaar oud is.

Walvisbaai is goed geleë vir avontuurlustiges en spog met ontspanningsaktiwiteite soos vierwielmotorfietsry, sandplankry, vlieërplankry, branderplankry, valskermsweef, swem en hengel.

Die mense van Walvisbaai sien uit daarna om jou te verwelkom!

Vir meer inligting besoek gerus www.walvisbaycc.org.na.




Buiten die natuurskoon, is daar ook verskeie wateraktiwiteite om aan te pak.



# Die pad na jou hart loop deur NAMIBIË!

Met **SPAR** as jou reisgenoot is daar **waarde**,**vriendelike diens** en **als wat jy benodig** om die langpad kort te maak!



SPAR





TBWA\95990